# Voorwoord

Die geskiedenis van die Puk is nou verknoop met die werk van professor H.G. Stoker as wysgeer-akademikus en mede-bouer van 'n Christelike universiteit in Potchefstroom. 'n Tiperende debatstyl van sy Calvinistiese wysbegeerte was dat hy deurlopend in gesprek met medestanders en met andersdenkendes gefilosofeer het. Sy gesprek met medestanders was veral gebaseer op die idee van samewerking tussen Christelike vakwetenskaplikes, reformatoriese teoloë en Calvinistiese filosowe. J.A. Heyns en L.F. Schulze se bydraes gee elk ook 'n kyk op Stoker se bemoeienis om 'n goeie vennootskap tussen filosofie en teologie tot stand te bring, sonder dat die een in die ander vasloop.

Gesprek met andersdenkendes was vir Stoker veral gebaseer op die idee dat hy nie alle waarheid in pag het nie en dat hy ook waarheidsmomente in ander sisteme en standpunte wil verwerk. Stoker het konsekwent geweier dat studente sy 'Wysbegeerte van die Skeppingsidee' verhef tot 'n probleemlose sisteem wat op alles 'n antwoord kon verskaf. Hy het entoesiastiese studente afgeraai om 'n 'Wysbegeerte van die Skeppingsidee'-vereniging of -skool te stig. Hy het studente aangemoedig om sy uitsprake met 'n knippie sout te neem en studente gemaan om niks in hierdie wêreld as absoluut te stel nie; alleen God en sy Woord is absoluut.

Stoker het wyd gepubliseer: diepsinnig-wetenskaplik en ook populêr-wetenskaplik. Ons is dankbaar vir die bibliografiese gegewens wat A.W.G. Raath in dié verband byeengebring het. Al kan hierdie gedenknommer nie verteenwoordigend van Stoker se *Gesamtwerk* wees nie (so ontbreek bv. bydraes oor sy etiek, opvoedingsfilosofie, taalfilosofie, kenteorie), word sy denktrant in verskeie opsigte wel geïdentifiseer.

Die doktorsgraad het hy met die hoogste lof in Duitsland onder die bekende Max Scheler behaal. Die Beijk-Van der Merwe-artikel gee hieromtrent ongewone en tersaaklike inligting. Sy werk is ook internasionaal bekend: dit is byvoorbeeld opvallend dat internasionale naslaanwerke sy proefskrif oor *die gewete* vermeld in 'n lys van standaardwerke oor die betrokke studieveld.

Stoker was ook kind van sy tyd – dit het hyself dikwels erken. Dit het 'n positiewe en 'n negatiewe kant. Positief het dit Stoker in staat gestel om te illustreer hoe mens jou geloof relevant kan maak vir jou tyd en sy probleme. Negatief bring dit die lastige vraag van J.H. van Wyk na vore: in watter opsig is Stoker se denke vasgevang deur een of ander ideologie van sy tyd? Natuurlik bring dié vraag nog 'n moeilike kwessie na vore: hoe is kritiek teen jou eie tyd moontlik? Laasgenoemde vraagstuk het Stoker dikwels probeer beantwoord deur self te begin met selfkritiek en deur sy bekende strategie om 'n saak van vooraf, anders as tevore, opnuut – *de novo* – aan te pak. Stoker se bydrae tot vernuwing in die

filosofie kom ook ter sprake in die bydraes van H. Hart en P.G.W. du Plessis. J.D. van der Vyver se artikel oor reg en geregtigheid toon onder meer aan dat toe Afrikaanse Calviniste afwysend teenoor die begrip 'menseregte' gestaan het, Stoker dit erken en opsetlik binne 'n Christelike konteks verwerk het .

Stoker se nalatenskap lê nie uiteindelik in allerlei inhoude van sy uitsprake nie – want ons kan dikwels maklik daarmee verskil. Stoker se nalatenskap aan huidige en toekomstige studente en kollegas is onder andere te vind in sy gesprek-soekende en gemeenskapstigtende analises en sinteses. Hy wou egte dialoog tussen verskillende denkrigtings en tussen hom en andersdenkendes bevorder. Vir Stoker was egte dialoog om krities te luister na ander en ook die erken van wonderlike vondste by ander.

Stoker het interdissiplinêre gesprek bevorder deur byvoorbeeld gedurende sy jare as ere-professor aan die RAU met seminaarreekse op te tree oor gemeenskaplike kwessies soos wetenskap en waarheid, staat en vryheid, arbeid en loon, mens en opvoeding. Juis deur sy uiteensetting van die betekenis van geloof vir die verstaan van hedendaagse probleme, – 'n simpatieke beredenering hiervan vind u in die bydrae van D.F.M. Strauss – kon Stoker se Wysbegeerte van die Skeppingsidee na vore kom met nuwe betekenisinhoude van begrippe soos konstantheid, ontwikkeling, vryheid, geskiedenis, beginsel, metode, wetenskap, geregtigheid, tegniek, ekumene, taal.

Stoker se denke toon 'n opvallende belyndheid, sisteem, struktuur, patroon, en 'n metodiese dissipline. Maar, al werk hy met allerlei klassifikasie-skemas, hy glo nie daaraan as towerformule nie. Daarom is ons dankbaar dat A.W.G. Raath professor Stoker se ongepubliseerde 'oopheid van hart'-voordrag(te) kon redigeer en hier vir publikasie aanbied. N.T. van der Merwe se artikel oor Stoker as mentor verskaf ook 'n unieke gids in die verstaan van die veelkantigheid van Stoker se menslike en soms poëties-warme *denktrant*.

Vir meer as veertig jaar aan die Puk was professor Stoker 'n spil waarom akademiese debat oor 'n Christelike universiteit, Christelike wetenskap en ons Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing gedraai het. Al het hy binne 'n Calvinistiese tradisie gewerk, het hy ook kreatief aan daardie tradisie verander. Met hierdie gedenknommer staan ons ook voor die taak om tradisie en verandering op verantwoordelike en relevante wyse te versoen. Vorentoe het ons 'n keuse om Stoker na te praat of om op Christelik-verantwoordelike wyse 'n relevante antwoord te waag.

**Pieter du Plessis**